# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Ons is medewerkers in die Triomf van Christus

**Skriflesing**:
2 Korintiërs 1:11 – 2:17

**Teksvers**:
2 Korintiërs 2:14,15

**Sing**:
Ps 97:1, 5, 7
Ps 45:1, 3, 4, 10, 16
Ps 128:3, 4
Ps 20:1 - 7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

'n Triomftog of segetog was 'n besondere geleentheid in die Romeinse ryk wat mense miskien een maal in hulle leeftyd sou ervaar. Na 'n oorlog, het die generaal met sy hele gevolg, die groot stad Rome binne gekom met die gevangenes en al die buit wat oorwin is. In sommige gevalle is daar selfs 'n spesiale toegang, 'n "*arc de triomph*" vir die generaal of keiser aangebring. In hierdie prosessie loop die senaat heel voor, gevolg deur trompetspelers wat die koms aankondig. Daarop volg die oorlogsbuit met al die skatte wat verower is, en 'n wit bul vir die offer wat gebring sal word.

Na hulle volg al die oorlogsgevangenes in kettings, die leiers, prinse, edeles en konings. Dan kom die drywers, die orkes en die priesters met die wierook wat 'n lekker geur versprei het. Uiteindelik, het die generaal of keiser, die oorwinnaar gevolg onder die luide gejuig van die groot skares. Dit is hierdie beeld wat gebruik word om ons deelname aan Christus se triomf beskryf. Sommige ruik die wierook, en juig in die oorwinning, maar die gevangenes ruik daardie selfde wierook, en weet dit beteken hulle dood. Watter reuk ruik jy in die triomf van Christus?

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Droefheid bring bekering wat tot redding lei!

**Skriflesing:**
2 Kon 5:1-6:7
2 Kor 7:6-13

**Teksvers**:
2 Kon 5:11,12,14,16, 18; 2 Kor 7:9-10

**HK**: Sondag 33

**Sing**:
Ps 107-1:1,3
Ps 112-2:1,2,3
Ps 118-1:7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

God vra ware bekering. Dit is die afsterwing van die ou sondaar mens en die opstanding van die nuwe mens in Jesus Christus. En as jy 'n nuwe mens is, wil jy goeie werke doen wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer gedoen word.
Ons moet altyd minder word, ons eie trots aflê en buig voor God se Woord. Naäman het gedink, omdat hy so belangrik is sou sy gesond-word, met groot vertoon plaasvind. Die profeet Elisa moes met groot vertoon hom gesond maak en dan sou hy Elisa baie goed beloon en betaal vir wat gedoen is. Maar Naäman het God se werking nog nie verstaan nie.
God gebruik dikwels onopvallende metodes, maar God moet altyd die eer kry vir die wonderwerke. Dit kan net gebeur as jy as sondaar deur die bekering gelei word deur die Heilige Gees, as jy opstaan as 'n nuwe mens en dan goeie werke doen uit dankbaarheid tot eer van God.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49** **Nr 03** **4 Februarie**


## TRIOMF IN CHRISTUS

Om te triomfeer is meer as om te wen. Soms kan 'n mens wen, sonder om te triomfeer. As jou lewe daarop gerig is om in alles wat jy doen eerste te wees, of om te wen, kan dit baie negatiewe gevolge hê. Dink maar aan jou huwelik, jou gesin, jou werk. Jy kan nie "*wen*" in die huwelik nie. Daar is nie 'n eerste plek in ouerskap nie. In 'n huisgesin kan jy nie die beste familielid wees nie. Want waaraan sal jy dit tog kan meet?

By die werk gaan jou kollegas verbitter raak teenoor jou as jy die heeltyd ten alle koste wil wen of die beste wil wees. Jy gaan dalk eerste kom, maar jy gaan laaste wees... Dit is presies wat Jesus ons leer dat ons oorwinning nie in wêreldse terme bepaal word nie. Want ons oorwinning is nie aan ons self gekoppel nie. Ons oorwinning is deur die geloof in Christus. Elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om Christus wil verloor, sal dit vind.

Aan God kom toe al die dank en die lof en die eer en die verheerliking, wat ons altyd in Christus laat triomfeer. Ons is nie wenners in Christus nie, maar oorwinnaars. Paulus skryf hierdie woorde met die agtergrond van swaar beproewinge. Hy en sy metgeselle het getwyfel of hulle gaan oorleef. Die enigste hoop wat hulle gehad het, was die opstanding uit die dood.

Deur die genade van God, in geloof, is hulle bewaar, en het hulle oor al hierdie omstandighede getriomfeer. God het uitkoms gebring. Hulle het nie "*gewen*" nie, hulle het oorwin. Hulle het deur die dal van doodskaduwee moes gaan, en het behoue, deur God se genade ander kant uitgekom.

Soms gaan ons deur swaar beproewinge. Finansies druk, die werk se vereistes raak al moeiliker, jou geduld word al minder, jou huwelik begin skade lei. Jy vind uit jou spanning veroorsaak gesondheidsprobleme. Depressie, kanker, uitputting, maagsere. Jou vriende is skielik besig en afwesig, jou ouers het probleme, 'n geliefde sterf.

Teen hierdie elemente kan jy eintlik wen nie, maar jy kan in Christus, deur die geloof, oorwin. Jy kan aan die ander kant uitkom. Dalk nie soos jy gedink het nie, maar soos God dit beplan het. Jy is egter nie 'n toeskouer nie, maar 'n medewerker in die triomf van Christus. Jy is 'n medewerker in gebed (2 Kor. 1:11) en 'n medewerker aan blydskap (2 Kor. 1:24) saam met die medewerkers wat die evangelie verkondig in hulle swaarkry en vertroosting.

So word ons medewerking en ons oorwinning deel van die triomf van Christus!

"*Wie sal ons skei van die liefde van Christus: verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: "Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.*"" Rom. 8:35-37

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 1, Ps 9:1,7 Volgende week: Les 2, Ps 9:1,7

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

### KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Biblos

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Dankbaarheidsfonds

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings as hul eredienste bywoon.

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Manne in Christus

24 Februarie
**06:00—08:00**
by GK Centurion

Ons as broers kom bymekaar om mekaar te bemoedig en saam te bid om manne vir Christus te wees.

**Alle broers welkom!**

Die vraag is nooit wat mense sê nie, maar wat God oor die saak dink.



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**7 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## Geestelike Opbou

van ~~25 Feb~~ vind plaas op **3 Maart**

na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Profesieë in die Bybel**

Almal welkom!

**Almanak 2024 (boek)**
Beskikbaar by die kerkkantoor
@ R125,00
Bring asb die korrekte kleingeld

### Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428 of skandeer die volgende kode en vul die bestelvorm in:

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEDE BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop 'n okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgingsfasiliteite nie - Bepalings geld ook vir persone ouer as 80 jaar.

**Daar is 2 eenhede beskikbaar wat bestaan uit die volgende :**

*Eerste eenheid:*

2 slaapkamers, 2 badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Die prys is R1 090 000 en die eenheid is onmiddellik beskikbaar. Die eenheid se grootte is 125 vkm en die maandelikse heffing beloop R1 729 vir 2024. Die vaste munisipale kostes beloop tans R329. Al wat dan nog bykom is die koste van die elektrisiteitsgebruik.

*Tweede eenheid:*

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis en sitkamer, aangrensend toesluit motorhuis met privaat binnehof. Die prys is R660 000 en die eenheid is onmiddellik beskikbaar . Die eenheid se grootte is 92 vkm en die maandelikse heffing beloop R1 210 vir 2024. Die vaste munisipale kostes beloop tans R329. Al wat dan nog bykom is die koste van die elektrisiteitsgebruik.

Aansoekvorms is by ondergenoemde persone beskikbaar en die Oord se bestuur sal die aansoeke evalueer.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae en besigtiging: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 4 Februarie 2024**





# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04-Feb | Ernest | Bornman | E01 | 27621427148 |
| | Louise | Hefer | A07 | 27824650498 |
| | Paul | Hugo | B15 | 27824621902 |
| | Heleen | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| | Marcel | Wilson | E01 | 27829030552 |
| 05-Feb | Heinrich | Buys | B09 | 27746813660 |
| | Mandie | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Dirk | Kotzé | B09 | 27736258180 |
| 06-Feb | Gert | de Beer | C07 | 27832527755 |
| | Johan | Hoogendyk | A08 | 27823193377 |
| | Jaco | vd Bergh | A17 | 27842084413 |
| | Lourens | Venter | A04 | 27825292330 |
| 07-Feb | Laetitia | Cassidy | B13 | 27825728887 |
| 08-Feb | Dorothy | Kruger | C03 | 27766093297 |
| 09-Feb | Anton | Lubbe | A09 | 27662402870 |
| | Louise | Roets | C11 | 27833805383 |
| | Louise | v Rensburg | C08 | 27729737238 |
| 10-Feb | Mercia | Coelho | A04 | 27823247907 |
| | Annetta | Lombard | A14 | 27826217373 |
| | Ben | Steyn | B08 | 27834484128 |
| | Drikus | vd Walt | C02 | 27605692608 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Feb | Miané | Bloemhof | A07 | 27763826939 |
| 06-Feb | Bernhard | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Sofie | vd Berg | A05 | 27826402571 |
| 07-Feb | Sherise | Fouché | A13 | 27835715047 |
| 08-Feb | Cara | Erasmus | B09 | 27833566579 |
| | Chris | Roos | A15 | 27609970094 |
| 09-Feb | Zane | Cloete | A08 | 27825625296 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Marike Melck sterk aan na 'n operasie (C13—083 305 0375).
- Dr Douw Breed ondergaan komende week 'n skoueroperasie (A8—082 683 3553).
- *Meelewing* word betuig met Cecile Venter en Kobus en Kobie van Niekerk en hul gesinne na die afsterwe van Cecile en Kobie se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

Christiaan en Erica Nijeboer met die doop vanoggend van Daniël.

Ek is die Here jou God.
Ek vat jou hand.
Jes. 41:13

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: 2 Cor 2 :1 - 17
Rev Lourens Venter

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teelwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verblyf beskikbaar** vir vroulike student, Erasmuskloof, R4000pm. Wifi, elektrisiteit en gebruik van wasmasjien ingesluit. Aandete kan verskaf word teen addisionele koste. Estelle 0824460443

---

MUKHANYO
Theological College

**Vakature Bemakingskoördineerder.** Volledige besonderhede is op die kennis-gewingbord. Aansoeke sluit 15 Feb.

---

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## <u>Jan die Koperkan</u>



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 16 Feb om 18:00**

Bring en Braai

Ons begin met aktiwiteite vir die kinders vanaf 18:00 en beplan om saam te eet sodra ons klaar is.

Enige persone wat wil oorslaap of braai kan hulle name opgee by

**Ané vd Walt 082 567 3643/**

**Ds Gerrit 082 964 5595**

## Koningskinders-kamp

**20—24 Maart**

Ons benodig: bestanddele (volledige lysie by die hoofingang), kinderklere (5-12jr), groepleiers, 'n kosspan en adminbeamptes.

Enige fondse sal ook waardeer word.

Skakel ds Lourens 082 5292 330 vir enige navrae



## Wyse Gryses (Senior Aksie)

Die Senior Aksie van die Gereformeerde Kerk Centurion het 'n nuwe naam gekry. Hulle gaan in die vervolg die Wyse Gryses genoem word. Op die kerk se kalender is dit al so aangedui!

Ons kom elke eerste Maandag van die maand bymekaar, sover moontlik. Ons beplan 'n verskeidenheid interessante aktiwiteite gedurende die jaar! Hou die Kommunikaatjie dop daarvoor!

Ons eerste byeenkoms vir die jaar vind DV op **Maandag 5 Februarie 2024 om 10:00** in die kerksaal plaas. Petra Heath gaan ons deur haar seëlversameling terugneem na interessante gebeure in die geskiedenis! Moet dit nie misloop nie!




**Almal welkom!**

## Bybelskool van Centurion 2024

bied aan

## *Wat is daar in 'n naam?*

*'n Studie van 'n verskeidenheid van Bybelse name bv. Name van persone, plekke, engele, asook Godsname, ens en hulle plek en betekenis in die Godsopenbaring*

**Begin datum: 6 Februarie 2024**

(7 weke)

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Ds Maarten van Helden
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

***Almal welkom***

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**04-Feb-24**

| | |
|---|---|
| Cecilia Coetsee | A1 |
| Louisa vd Walt | B3 |
| Doret Pretorius | C6 |

**11-Feb-24**

| | |
|---|---|
| Tarina Human | A2 |
| Sonja vd Dussen | B17 |
| Leandre Struwig | C4 |

---

## Sustersaamtrek 2024

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na die Sustersaamtrek 2024.

**Datum**: 9 Maart 2024
**Plek**: Doornkloof Familiekerk,
Leoniestr 143, Doornkloof.
**Tema**: Groei deur die Seisoene
**Spreker**: Lindie Strydom
**Koste**: R200-00 per persoon
**Tyd**: 8:00 tot 13:30

U kan u naam opgee vir die volgende twee Sondae deur 'n Registrasievorm in te vul by die Olyfboom.

**Betalings**: Sustersrekening, sien Kommu-nikaatjie bl 2.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin Maandag, **5 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/

Kerkkantoor 012 664 2614